


## Maart 2013

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hierdie is 'n opvolg op verlede maand se brief. Ons kyk nog steeds na die geboue en besighede aan die noordekant van Kerkstraat tussen Queen- en Van der Waltstraat.



In Oktober 1888 vra Beckett tenders vir die bou van sy nuwe winkel wat deur die argitek R.M. Campbell ontwerp is. Op hierdie foto sien ons nog die ou gebou en ook het W.H. Tucker ("coach painter") nog nie 'n naambord tussen die twee geboue opgerig nie. Dus kan ons aanneem dat die foto voor 1889 geneem is.



Hier sien ons T.W. Beckett het nou in sy nuwe dubbelverdiepingwinkel ingetrek en H.K. Tucker het nou 'n naambord tussen Maughan's en die gebou langsaan aangebring.

Volgens 'n directory van 1889 [Dun-01, p7] was die volgende sewe besighede in die blok tussen Van der Walt- en Queenstraat. Ek gee dit in volgorde regs na links [d.w.s. van Van der Waltstraat na Queenstraat].

T.W. Beckett & Co.

T.W. Beckett	J.R. Pritchard [manager]
Frank Strange [Accountant]	W.T. Turpin [bookkeeper]
J. Lawrie [confidential clerk]	Walter Hands [salesman]
W.B. Harris [salesman]	Lyall [salesman]
E.W.C.B. Brice [clerk]	Robert Burnham [clerk]
F. Brice [clerk]	Walter Burnham [clerk]
Horace Deely [clerk]	E. Gechter [clerk]
I.J. Haaroff [clerk]	R.D. McKenzie [clerk]
P.J. van der Merwe [clerk]	W.W. Shok [clerk]
A.J. Smit [clerk]	W. Symington [clerk]
J. Taylor [clerk]	Samuel Trollope [clerk]

[Ek wonder wat het al die klerke gedoen?]

George Hunter (baker)

George Hunter	A.B. Galloway [sugar boiler]
D. Hutchinson [baker]	Paul W. Kruger [assistant]

G. Maughan and Co. (butcher)

George Maughan	Fred Beaver [butcher]
Arthur Bunce [butcher]	A.H. Meyer [butcher]
Henry Goodison [bookkeeper]	

H.K. Tucker (coach painter)

[Op 'n kaart kan mens sien dat sy besigheid agter die ander winkels was met slegs 'n gang deur na Kerkstraat.]

Wilhelm Henning (wine and spirit merchant)

Red Bar

John Robert Soffe and Co. [proprietor]

Calcutta House (Indian merchant)

-----  
Volgens die Directory van 1899 [Lon-01, p27] is T.W. Beckett en George Maughan die enigste twee van tien jaar gelede wat nog steeds hier besigheid doen. Ek dink egter Longland's het bietjie deurmekaar geraak met die volgorde van hul lys.

Here is Van der Walt Street

T.W. Beckett & Co., gen merchts  
Bon-Accord Bar  
B. Gundelfinger  
Transvaal Athletic Depot and Sports Emporium  
D. Barlow, picture frame maker  
J. Froehloch and Co. prod dlrs  
E.O. Meyers and Co., stationers  
Geo. Maughan, butcher  
R.S. Constantine, baker  
W. Raworth, chemist

Here is Queen street  
-----



Hier is een van Robinson se foto's. Wat die geleentheid was weet ek nie. Die optog is besig om weg van Kerkplein af te beweeg. Die bakker George Hunter deel nog steeds 'n gebou met George Maughan. Die naambord bietjie onder toe in die straat [wat oor die sypaadjie hang] is die van B. Gundelfinger.



In daardie tyd het elke telefoon sy eie draad gehad en as mens na die aantal isolators op die pale kyk kan mens sien dat hierdie foto ná die vorige een geneem is. Ook is daar nou nóg 'n naambord onder die van Gundelfinger, ongelukkig te dof om te lees. Die bakker George Hunter se naam verskyn nog steeds op die gebou maar dit mag wees dat die bakker Constantine reeds ingetrek het maar nog nie sy naam op die gebou laat verf het nie.

## George Hunter

Oor hom is nie baie bekend nie.

- 80-12-30 In 1880 tydens die eerste ABO is hy lid van die Pretoria Rifle Volunteers, No. 3 Company.
- 89-02-07 George Hunter plaas 'n advertensie in De Volksstem – vra of iemand miskien enige inligting het oor die verdwyning van M. Strydom.
- 89-10-16 George Hunter skenk 'n prys vir 'n kompetisie van die Z.A. Schiet-vereëninging.

## George Maughan

- 88-10-29 George Maughan onderteken 'n brief aan die Landdros i.s. die Munisipaliteit.
- 1899 Sy woonhuis is nou in Prinsloostraat.

## Wilhelm Henning

- 80-12-30 In 1880 tydens die eerste ABO is hy lid van die Pretoria Rifle Volunteers, No. 6 Company.
- 81-10-19 Willem Henning en F.M. Moore is getroud op 12 Oktober 1881.
- 81-06-11 Henning onderteken die adres aan pres. Brand tydens sy besoek aan Pretoria [V-2/3].
- 82-09-02 W. Henning – 'n dogter gebore op 29 Augustus 1882.
- 83-05-05 Hy woon 'n politieke vergadering van J.C. Preller by.
- 83-12-14 W. Henning gee 'n bydrae vir die Java Rampfonds.
- 84-01-11 Henning onderteken die nominasie van H.W. Struben vir die Volksraad.
- 84-05-23 Hy dien as lid van die jurie in die Lohner diefstalsaak.
- 89-10-16 W. Henning skenk 'n prys vir 'n kompetisie van die Z.A. Schiet-vereëninging.

## B. Gundelfinger

- 1893 Advertensie. B. Gundelfinger verkoop sigare en tabak in sy winkel in Vermeulenstraat [Dun-01, p294].
- 1899 B. Gundelfinger voorsien seile aan die staat gedurende die eerste ABO [The-02, p47].
- 1899 B. Gundelfinger. Advertensie: Importer of fancy goods, Church-st. [LON-01, p133].

## H.K. Tucker

- 89-09-07 Die wapenskild van die Z.A.R. wat H.K. Tucker geskilder het is nou te sien voor die Handelshuis van Johnson & Co. Die regering wil dit by alle publieke kantore oprig.
- 1899 H.K. Tucker. Advertensie: Coach painter & signwriter, Kerkstraat. [Dun-01, p124]

## Red Bar

In 1878 verskyn daar 'n advertensie in De Volksstem [78-03-19] dat Braun 'n kroeg, die "Red Bar", gaan oopmaak in Kerkstraat, reg oorkant Juta se boekwinkel. In 1889 is die eienaar van die kroeg J.R. Soffe.

### Calcutta House

Op die noord-westelike hoek van Queen- en Kerkstraat was Calcutta House. Lola Dunston noem hulle “Indian Merchants” en later praat sy van “Arabian Traders”. Waar hulle land van herkoms is is nie seker nie maar in 1899 is die firma se teleksadres “Baghdad” en toe het hulle reeds geskuif na Prinsloostraat. Die eienaars van Calcutta House word aangegee as M.H.H.D. & Co.

### Bronne geraadpleeg

- Afr-19 Bolsman, Eric. 2002. **Merton Keep – The home of the French Embassy**. Africana Vereniging, Jaarboek nommer 19.
- Dun-01 Lola Dunston. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria: Lola Dunston.
- Jep-01 Jeppe, Carl. 1906. **The Kaleidoscopic Transvaal**. Cape Town: J.C. Juta & Co.
- LOC-01 **Lochhead's Guide, Hand-book, and Directory of Pretoria, 1913**. Pretoria: Transvaal Reliable Agency.
- LON-01 **Longland's Pretoria directory for 1899**. Pretoria: Staatsbiblioteek.
- Sta-03 Kuipers, H. ea. 1899. **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek**. Pretoria: Staatsdrukkerij.
- The-01 Theron, Bridget. 2000. **Pretoria at War**. Pretoria: Protea Boekhuis.

V = De Volksstem.

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel